**DEPARTEMENT VAN MINERAALBRONNE EN ENERGIE**

**NO. R. 501** **11 Junie 2021**

## WET OP DIE NASIONALE KERNREGULEERDER, 1999 (WET NO. 47 VAN 1999):

## REGULASIES OOR DIE LANGTERMYNBEDRYF VAN KERNINSTALLASIES

Die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie, vaardig hierby ingevolge artikel 36 gelees met artikel 47 van die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet No. 47 van 1999), op aanbeveling van die Raad van Direkteure van die Nasionale Kernreguleerder, en daarna openbare konsultasie, het die Regulasies in die Bylae gemaak.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## BYLAE

**Indeling van Regulasies**

1. Woordomskrywing
2. Doel en toepassing van Regulasies
3. Indiening van aansoeke vir werksaamhede langer as die ingestelde tydsbestek vir 'n kerninstallasie wat in bedryf is
4. Vereistes vir veiligheidsargument vir langtermynbedryf
5. Faktore wat vir langtermynbedryf oorweeg moet word
6. Vereistes vir program vir langtermynbedryf
7. Lisensiëringstadiums
8. Misdrywe en strawwe
9. Kort titel en inwerkingtreding

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Regulasies het ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet of in die “Regulations on Safety Standards and Regulatory Practices” (Goewermentskennisgewing No. R. 388 in *Staatskoerant* 28755 van 28 April 2006), toegewys is, die betekenis wat aldus toegewys is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"**huidige lisensiëringsbasis**" die veiligheidsargument van toepassing te eniger tyd tydens die bedryf van die kerninstallasie, bestaande uit toepaslike Regulasies en alle lisensiebindende dokumentasie wat sal insluit, maar nie beperk mag word tot nie, projekbestuurdokumentasie, die veiligheidsanaliseverslag, en veiligheidsverwante programme van toepassing tydens lisensiëringstadiums (met inbegrip van alle modifikasies), wat as rekords behou sal word;

"**langtermynbedryf**" die bedryf van die kerninstallasie langer as ’n ingestelde tydraamwerk uiteengesit deur, byvoorbeeld, die lisensietermyn, ontwerp, standaarde, lisensie of regulasies, wat deur veiligheidsassessering geregverdig is, met inagneming van lewensduurbeperkende prosesse of kenmerke van strukture, stelsels en komponente;

"**lisensiehouer**" die gemagtigde houer van ’n kerninstallasielisensie deur die Reguleerder toegestaan;

"**periodieke veiligheidsoorsig**" ’n stelselmatige herassessering van die veiligheid van ’n bestaande kerninstallasie wat met vaste tussenpose gedoen word om die kumulatiewe

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

uitwerking van veroudering, modifikasies, bedryfervaring, tegniese ontwikkeling en plasingsaspekte te hanteer en het ten doel om ’n hoë vlak van veiligheid regdeur die dienslewe van die kerninstallasie te verseker;

"**veiligheidsargument**" ’n logiese en hiërargiese stel dokumente wat voldoening aan die regulatoriese vereistes en maatstawwe demonstreer en die radiologiese gevare ingevolge ’n kerninstallasie, -terrein en die bedryfswyses, met inbegrip van ongewenste wyses, beskryf. Dit omvat die magtigingsbasis, en veiligheidsverwante dokumentasie van toepassing tydens verskillende magtigingstadiums en sal die veiligheidsassessering, bedryfsveiligheidsverwanteprogramme en stawende dokumentasie insluit;

"**veiligheidsverwante programme**" gesamentlik alle kernveiligheidsverwante aktiwiteite tydens die bedryfsfase van die kerninstallasie en kan ook tydens tussentydse magtigingstadiums van toepassing wees;

"**verouderingsbestuur**" ingenieurs-, bedryfs- en onderhoudsaksies om die verouderingsagteruitgang van strukture, stelsels en komponente binne aanvaarbare perke te beheer; en

"**Wet**" die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet No. 47 van 1999).

**Doel en toepassing van Regulasies**

**2**. (1) Die doel van hierdie Regulasies is om die vereistes vir langtermynbedryf van kerninstallasies vir langer as 'n ingestelde tydsbestek in die onderskeie kerninstallasielisensie of huidige lisensiëringsbasis omskryf, in te stel.

(2) Hierdie Regulasies is van toepassing op lisensiehouers wat om die langtermynbedryf van kerninstallasies wil aansoek doen.

**Indiening van aansoeke vir werksaamhede langer as die ingestelde tydsbestek vir 'n kerninstallasie wat in bedryf is**

**3**. (1) Enige lisensiehouer wat 'n kerninstallasie langer wil bedryf as 'n ingestelde tydsbestek in die toepaslike kerninstallasielisensie omskryf, moet ingevolge artikel 21(1) van die Wet 'n aansoek om die bedryf van die toepaslike kerninstallasie vir langer as 'n ingestelde tydsbestek by die hoof-uitvoerende beampte van die Nasionale Kernreguleerder.

(2) Die aansoek moet gedoen word in die formaat voorgeskryf in die bepalings van artikel 21 van die Wet in die *Regulations in terms of Section 47, read with Sections 21 and 22 of the National Nuclear Regulator Act, 1999 (Act No. 47 of 1999), on the format for the Application for a Nuclear Installation Licence or a Certificate of Registration or a Certificate of Exemption*, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 1219 van 21 Desember 2007, binne die gespesifiseerde

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

tydlyne en moet die tydperk van langtermynbedryf waarvoor aansoek gedoen word, duidelik aandui.

(3) Die aansoek moet gestaaf word deur ’n veiligheidsargument om voortgesette veilige bedryf van die kerninstallasie vir die tydperk van langtermynbedryf demonstreer en die veiligheidsargument moet binne die tydlyne deur die Reguleerder gespesifiseer, voorgelê word.

**Vereistes van veiligheidsargument vir langtermynbedryf**

**4.** Die veiligheidsargument vir langtermynbedryf moet, onder meer—

*(a)* voldoening aan tersaaklike regulatoriese veiligheidsmaatstawwe en -vereistes demonstreer;

*(b)* voorberei word met die uitslae van veiligheidsanalises, met behoorlike inagneming van die veroudering van strukture, stelsels en komponente en die periodieke veiligheidsoorsig;

*(c)* ’n oorkoepelende assessering van die veiligheid van die kerninstallasie en regverdiging vir voortgesette veilige bedryf vir die beplande tydperk van langtermynbedryf voorsien;

*(d)* beskikbaarheid van finansiële en menslike hulpbronne asook kennisbestuur vir die tydsbestek van langtermynbedryf demonstreer, welke kennisbestuur ’n geïntegreerde, sistemiese benadering tot die identifikasie, bestuur en deel van ’n organisasie se kennis moet insluit en groepe mense in staat moet stel om kollektief nuwe kennis te skep om die organisasie se oogmerke te bereik; en

*(e)* noodsaaklike veiligheidsverbeterings identifiseer wat kan insluit, maar nie beperk is nie tot, opknapping, voorsiening van bykomende strukture, stelsels en komponente en bykomende veiligeheidsanalises en ingenieurswerkregverdigings, om te verseker dat die lisensiëringsbasis geldig bly tydens die tydperk van langtermynbedryf.

**Faktore wat vir langtermynbedryf oorweeg moet word**

**5.** Faktore wat by die evaluasie van ’n aansoek om langtermynbedryf oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, die volgende:

*(a)* Veiligheidsverwante programme relevant tot die versekering van die veilige langtermynbedryf van die kerninstallasie vir langer as die tydsbestek ingestel deur die huidige lisensiëringsbasis of die kerninstallasielisensie;

*(b)* doeltreffendheid van die verouderingsbestuurprogram wat nodig is om te verseker dat vereiste veiligheidsfunksies van strukture, stelsels en komponente vervul word oor die tydperk van langtermynbedryf van die kerninstallasie;

*(c)* herbekragtiging van die tydsbeperkte verouderingsanalises om voortgesette aanvaarbaarheid van die geanaliseerde strukture, stelsels of komponente vir die beplande tydperk van langtermynbedryf, te verseker; en

*(d)* benutting van die uitslae van die periodieke veiligheidsoorsig om langtermynbedryf van die kerninstallasie te regverdig.

**Vereistes vir program vir langtermynbedryf**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**6.** (1) Die lisensiehouer moet verseker dat 'n doeltreffende verouderingsbestuurprogram ontwikkel, geïmplementeer en onderhou word om te verseker dat vereiste veiligheidsfunksies van strukture, stelsels en komponente vervul word oor die hele bedryfsleeftyd van die kerninstallasie.

(2) Die lisensiehouer moet stelselmatige periodieke veiligheidsoorsigte van die installasie doen regdeur die bedryfsleeftyd daarvan, met inagneming van die werklike status van die fasiliteit, met inbegrip van die gevolge van die kumulatiewe uitwerking van veroudering en modifikasies aan die fasiliteit, die bedryfservaring en beduidende nuwe veiligheidsinligting vanaf relevante bronne.

(3) Die lisensiehouer moet 'n omvattende program ontwikkel en implementeer om die veilige langtermynbedryf van die kerninstallasie vir langer as die tydsbestek ingestel deur die ontwerpbeperkings in die huidige lisensiëringsbasis of die kerninstallasielisensie.

(4) Die omvattende program vir langtermynbedryf moet die volgende hanteer:

*(a)* relevante aanlegdokumentasie en veiligheidsverwante programme;

*(b)* oorweging van die relevante omvang van stelsels, strukture en komponente wat vir langtermynbedryf belangrik is, waarop die Reguleerder moet ooreenkom en wat die Reguleerder moet goedkeur;

*(c)* oorsig van kerninstallasieveiligheidsverwanteprogramme vir langtermynbedryf;

*(d)* verouderingsbestuuroorsig vir langtermynbedryf, met inbegrip van die oorsig van bestaande verouderingsbestuurprogramme en ontwikkeling van nuwe verouderingsbestuurprogramme waar nodig;

*(e)* herbekragtiging van tydsbeperkte verouderingsanalise;

*(f)* langtermynbedryfdokumentasie; en

*(g)* die implementeringsprogram vir langtermynbedryf.

**Lisensiëringstadiums**

**7.** (1) Die aansoek om die kerninstallasie vir langer as die ingestelde tydsbestek te bedryf, moet nie 'n verwagting skep dat die regulatoriese goedkeuring deur die Reguleerder goedgekeur sal word vir die tydperk van langtermynbedryf waarvoor aansoek gedoen is nie.

(2) Die lisensie ingevolge hierdie Regulasies uitgereik om die kerninstallasie langer as die ingestelde tydsbestek te bedryf, moet vir die tydperk wees wat die Reguleerder bepaal.

(3) Ondanks subregulasies (1) en (2) hierbo, kan die aansoek daaropvolgende lisensiëringstadiums inisieer, wat uitgebreide sluiting of buite-diensstelling kan insluit as die lisensiehouer nie die veilige langtermynbedryf van die kerninstallasie demonstreer nie.

**Misdrywe en strawwe**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**8.** Enige lisensiehouer wat 'n kerninstallasie vir langer bedryf as die tydperk in die lisensie bepaal is, tensy 'n vrywaring deur die Reguleerder toegestaan is, skuldig aan 'n misdryf en is, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**9.** Hierdie Regulasies word die "Regulasies oor die Langtermynbedryf van Kerninstallasies" genoem en het op 26 Maart 2021 in werking getree.